


# DIE BETEKENIS VAN DEUT. 6:1-9 VIR DIE KATEGESE

prof.D.W. De Villiers[1]

## 1. Inleiding

... ONS kan met vrymoedigheid sê dat die hele boek, beoordeel in die lig van sy inhoud en boodskap, 'n kategetiese karakter dra, dit wil sê dit is onderrigtend van aard. Dit is Israel se leerboek, 'n skoolboek waaruit hy God beter kon leer ken. Dit dra 'n vermanende, helpende en teregwysende karakter. Dit bring verbond en wet bymekaar op grond van die liefde en genade van God. Deuteronomium is 'n belofteryke boek wat aan die volk leer hoe om met vreugde gehoorsaam aan die wet van die Here te wees. Die boek wil God vereer as Koning wat oor sy volk regeer. Dit is opvallend dat die Here aan Israel eers 'n konstitusie gegee het, daarna 'n land; eers voorskrifte van hóé om te lewe voordat hulle by die plek kom wáár hulle moes lewe, gekom het. Voordat ons oorgaan tot die nadere bespreking van die gedeelte wat ons aandag vra, is dit nodig om 'n algemene indeling van die boek te gee:[2]

1. Inleiding(1:1-5) :"Dit is die woord waarmee Moses die hele volk Israel toegespreek het..."
2. Historiese aanleiding (1:6-4:49)
3. Algemene voorskrifte (5-11)
4. Besondere voorskrifte (12-26)
5. Seën en vloek (27-28)
6. Slot (29-34)

Deut 6:1-9 vorm deel van die algemene voorskrifte, meer bepaald die deel wat handel oor die belangrikste gebod, die gebod van die liefde teenoor God. Die gedeelte 6:10-25 sluit nou hierby aan en bevat die voorskrifte met die oog op die vestiging in die beloofde land.

Die gedeelte 6:1-10 vorm die hoeksteen in die totale verhouding van God tot sy volk. Craigie stel dit soos volg: "The nature of the nascent state of Israel was thus to be based on the love of God and love for God. Love, the basic principle, finds its expression in the Decalog, the consitution of the state whose king was God. In other words, love was not simply a principle or abstract ethical concept; it was given clear

[1] Oorgeneem en verwerk uit DH Odendaal, BA Müller en HJB Combrink, *Die Ou Testament Vandag* (Kaapstad: NG Kerkuitgewers, 1979), p.100-106.
[2] P.C. Craigie*, The Book of Deuteronomy*, 1976.

expression in the commandments which showed the way in which a man's love for God and for his fellow man must be given expression."[3]

**2. Die inhoud van Deut.6:1-9**

**Deut 6:1** sluit aan by die vorige gedeelte, waar die wet van Sinai weer herhaal

word en 'n beroep gedoen word op Israel om die wet te onderhou. In 5:32 tot 6:3 word die voordele of seëninge weergegee as die volk die wet onderhou en daaraan gehoorsaam is. Hoofstuk 6:1 begin met 'n nuwe beklemtoning, hoewel dit as 'n herhaling van die vorige voorkom. Die enkelvoud van die woord ‘gebod’ is hier sinryk. Dit gaan om die fundamentele verhouding, waaraan later die verdere verbande toegevoeg word. Moses tree op as kategeet in die Naam van die Here. Hy is die leraar wat aan hulle praktiese voorligting gee.

Voordat hulle oortrek na die nuwe land, die land van belofte en hoop, moet hulle toegerus wees met kennis en insig ten einde in gehoorsaamheid aan God te leef. Ons het hier iets van onderrig met die oog op "toelating" tot die besitneming van die land. Die land is 'n gawe van God aan Israel. Dit is treffend hoe onlosmaaklik die belofte van die land telkens in Deuteronomium 'n rol speel. Patrick Miller het in 'n mooi artikel soos volg daarop gewys:

> "The land is not only the sphere in which blessing and life and prosperity take place. It is also the sphere in which Israel does what Yahweh requires, in which therefore obedience of the people shall be visible (Deut.4:5,14; 5:31; 6:1; 12:1)."[4]

In **Deut 6:2** word die woordgebruik nog meer kategeties van aard. Die liefde van God bestaan konkreet in die volbrenging van die insettinge en die gebooie van die Here. Hulle moes dit doen, hulle moes dit onderhou en hulle moes die Here vrees. Holwerda is van mening dat die insettinge en die gebooie direk na die verbondsopdragte verwys.[5]

Die bedoeling van die opdrag was dat God aan die een kant geëer moet word, maar aan die ander kant dat die volk daardeur geseën mag wees. Die opdrag kom tot drie geslagte, te wete jy, en jou kind en jou kleinkind. Hierdeur word die kontinuïteit en ononderbroke karakter van die onderhouding van die wet beklemtoon. Dit dui ook onomstootlik op onderrig binne die gesins- en huisverband. Hiermee word bevestig dat ouer en kind, die hele gesin in die verbond en die eis van wetsonderhouding deel.

'n Laaste belofte word bygevoeg, "en dat jou dae verleng mag word." Lewe vir 'n Israeliet was 'n ryke begrip en die lengte van lewensdae was as hoë begunstiging

[3] *Ibid*.,p.42
[4] PD Miller & SD McBride, *Interpretation*, Okt 1969, p.459.
[5] B. Holwerda, *Exegese Oude Testament* (Deuteronomium), 1957, p.148.

beskou, veral waar dit in dié verband op meer dae, langer jare om die Here te dien en te vrees, wys.

In **Deut. 6:3** word die volk weer aangespreek. Die woorde kan ook opgeneem word as 'n gevolgtrekking, veral as gesê word dat Israel alles met nougesetheid moet onderhou. God het met die gee van sy gebooie die die heil en die welvaart van sy volk op die oog gehad. Wanneer God sê dat dit goed met 'n volk gaan, sal dit inderdaad in alle opsigte goed gaan. Hierop volg 'n tweede seën, naamlik dat die geslagte sal vermenigvuldig. Kwalitatief sal dit met hulle goed gaan en kwantitatief sal hulle meer word. Die kontras met die woestyn sal verrassend groot wees. Ook die volgende beeld van "melk" en "heuning" dui op die oorvloed, wat in vergelyking met die woestyn 'n paradys sal wees. Dit dui op die vrugbaarheid van die land en die soet van die heuning. Hierdie uitdrukking kom vier keer in Exodus, een keer in Levitikus, en vier keer in Numeri en vyf keer in Deuteronomium voor (11:9; 26:9,15; 27:3; 31:20).[6]

Gewoonlik word Deut. 6:4-9 as 'n eenheid gesien omdat dit een groot appél vorm rondom die erkenning van Jahwe as die enige God. Die gebruik van die woord "hoor" het 'n besondere betekenis. Dit is meer as 'n retoriese spreekwyse, want dit dra in die bepaalde verband 'n dringende oproep tot aandag. Die spreker verwag dat die hoorder aktief sal luister en iets sal doen. SD McBride vat dit goed saam in die volgende woorde:

> "There is a strong note of intentionality conveyed by the verb *sama*, whose force in Hebrew must often be rendered in English by 'obey','heed' rather than simply 'hear'. If one really hears, he will respond in accord with what he has learned."[7]

Vanweë die gebruik van die woord *sama* word die besondere gedeelte die *shema* genoem of die *shema jisraeel*. Die uitdrukking, wat vyf keer in Deuteronomium voorkom, was waarskynlik die oproep waarmee die stamme opgeroep is vir aanbidding.[8]

Holwerda gee vyf moontlike vertalings vir die *shema jisraeel*, terwyl McBride ses moontlike vertalings aandui. Holwerda verkies om dit soos volg te vertaal: "Hoor Israel, Jahwé is onze God, Jahwe als enige," terwyl McBride sy stem gee vir die vertaling: "Our God is Yahweh alone." C H Gordon meen dat die vertaling: "Yahweh is our God, Yahweh is one," die betekenis van die oorspronklike in sy verband meer tot sy reg laat kom.[9]

[6] JA Thompson, *Deuteronomy* (Tyndale Commentaries), 1974, p.121.
[7] *Ibid*., p.290.
[8] G. von Rad, *Interpretation*, Jan 1961; SD McBride, ibid, 1973, p.289.
[9] Aangehaal in PC Craigie, *ibid*., p.168.

Die woorde beklemtoon nie net die enigheid, maar ook die eenheid van God. Wanneer Hy spreek, mag niemand anders Hom teenspreek nie, en wanneer Hy beloof, hoef niemand aan sy trou te twyfel nie.

Hierdie openingswoorde van **Deut 6:4** spreek tot almal wat deur die eeue deel van "Israel" is. Die kernbetekenis van die woorde is dat Jahwe aanspraak maak op volle en algehele aanbidding, trou en liefde van sy volk.

**Deut 6:5** gaan voort om die eis wat uit vers 4 vloei, te stel. Die eksklusiewe genade van God eis ekslusiewe liefde; verkiesende genade vereis onverdeelde trou. Omdat geen ander volk gedeel het in hierdie genadebetoon nie, kan die Here met reg verwag dat die volk Israel (dit wil sê ook van die Israel van al die eeue) Hom sal liefhê. Elizabeth Achtemeier wys daarop dat van Israel verskillende antwoorde of reaksies verwag word.[10]

Ten *eerste* word van hulle vertroue in Jahwe verwag, onder meer dat hulle sal vertrou dat God die vyande voor hulle uit sal vernieting (2:25; 7:17-21; 11:25).

Ten *tweede* word van hulle geëis dat hulle voortdurend sal onthou van waar hulle gekom en langs watter weg God hulle gelei het. (5:15; 7:18; 16:3; 32:7).

Ten *derde* moet hulle daartoe oorgaan om God te aanbid en hulle voor die Here stel (1:39; 2:18; 4;20;5:1; 6:6, 24;7:11; 11:12; ens.).

Die belangrikste en sentrale eis is dat hulle die Here moet liefhê met 'n intieme, persoonlike liefde, soos gesinslede mekaar onderling liefhet. Israel moet Jahwe liefhê met die liefde van 'n seun vir 'n vader. In Deuteronomium word twaalf maal ‘n oproep op die volk gedoen om God met hierdie soort liefde te dien (5:10; 6:5; 7:9; 10:12; 11:1,13,22; 13:3; 19:9; 30:16,20). Dwarsdeur die geskiedenis van Israel is verwag dat die *shema* saam met Deut 11:13-21 en Numeri 15:37-41 daeliks gebid moes word.

Die Here Jesus het in Markus 12:28-34 en ander gedeeltes aangesluit by hierdie bekende woorde in Deut 6:5. Die eis van God se liefde verg altyd 'n wederliefde, wat uit die hart, die diepste setel van die lewe moet kom. Ons liefde behoort ons totale persoon in te sluit.[11]

Deut 6:6-9 sluit nou by die voorafgaande aan.

In **vers 6** word beklemtoon dat die gehoorsaamheid aan die gebooie van God die vrug van die liefde vir God is. Liefde is deel van toewyding en dankbaarheid. Wetsgehoorsaamheid is nie nomisties nie, maar evangelies van aard. Die woorde van God moet deur Israel ter harte geneem en met heelhartigheid beleef word. Eintlik het vers 5 reeds beskryf wat dit beteken om die woorde van God in jou hart te

[10] *Deuteronomy*, Jeremiah (Proclamation Commentaries), 1978, p.35.
[11] A. Philipps, *Deuteronomy* (Cambridge Bible Commentaries), p.55.

dra (Ps 119:11; Matt 22:37). Hoe dit alles tot uitdrukking kom in die huislike lewe en in die vader-kind-verhouding word in vers 7 tot 9 uiteengesit. Hier word Deut 4:9 verder gevoer deur te sê hoe dit in 'n gesin, 'n geslag en nageslag moet toegaan.

God se heil moet betrek en sy gebooie geken en uitgevoer word deur die hele gesin wat in die verbondsvolk staan.

Dit (**Deut.6:7**), behels ten *eerste* dat die woorde by die kinders "ingeskerp" moet word. Dit beteken dat die woorde ingegraveer of ingebeeld moet word. Ander uitleggers lees die gedagte van herhaling in die woord. Driver sê dit beteken "to prick in, inculcate, impress."[12]

Die onderrig moet in die gesinsverband geskied. Ten *tweede* word aangedui hoe dikwels dit moet geskied, naamlik deur voortgesette en ononderbroke herhaling. Die vermaning van Paulus aan Timotheus in 1 Tim 4:2 in verband met die voortsetting van die onderrig, blyk sinoniem met hierdie woorde te wees. Die onderrig moet binne én buite die huis geskied, op pad en wanneer die gelowige Israeliet ter ruste gaan. Werkplek en slaapkamer is albei geskikte plekke waar hierdie onderrig moet geskied.

Ten *derde* word in **vers 8** gesê hoe onafskeidbaar die daelikse lewe van die gebod van God moet wees. Die vraag is of die woorde in vers 8 en 9 letterlik en of figuurlik verstaan moet word. Israel het dit in elke geval letterlik opgeneem.

Gesien die noodlottige gevolge wat die veruitwendiging van die woorde gehad het, word dit tans algemeen aanvaar dat hier in die eerste plek aan die figuurlike betekenis (wat nie minder werlik is nie) gedink word. As iemand iets om sy hand bind of 'n knoop maak, doen hy dit om iets te onthou. Dit was nodig dat Israel eers die diepere (figuurlike) betekenis van die opdrag moes verstaan voordat hulle daartoe oorgegaan het om die uiterlike in tekens (letterlik) ten toon te stel. Dit wil egter nie sê dat daar nie vroom gesinne was wat wel die diepere betekenis van hierdie opdrag begryp en daarby sinvolle uitdrukking aan uiterlike tekens gegee het nie.

Volgens die opdrag in **vers 8 en 9** is dit duidelik dat die onderrig van die wet van die Here en die *shema* net so vanselfsprekend was soos wat die versiersels aan die hand of die tekens op die voorhoof (*tefillien*) en die deurposte (*mezoeza*) vir almal sigbaar is. Daardeur is die ouer getuie van God en ook kategeet in die Naam van die Here. Die gelowige ouer maak van sy huis 'n skool waar onderrig aangaande God en sy wet gegee word. Die groot erns van die ouer sal die kind oortuig van die heerlike werklikheid van God.[13]

Craigie het dit goed saamgevat: "Whether taken literally or metaphorically, the signs described in vv 8-9 indicate that the individual (v 8), his home, and his community (v

---

[12] SE Driver, *Deuteronomy* (The International Critical Commentary), 1973, p.92.
[13] BN Schreider, *Deuteronomy: A Favoured book by Jesus*, 1970, p.60.

9) were to be distinguished in their character by obedience to the commandments as a response of love for God."[14]

Die onderrig van die gesin word dan verder in 6:20-25 uitgewerk.

**3. Die kategetiese betekenis van Deut. 6:1-9**

Hoewel ons verskillende dele in Deuteronomium het (4:9; 6:20-25; 11:19), wat vir ons die kategetiese bevele en gebruike in die Ou Testament aandui, het ons slegs hierdie gedeelte gekies omdat die kategetiese elemente hier die duidelikste uitkom. Hier word die praktiese uitlewing van die verbondsverantwoordelikheid van die kant van die verbondsouer en sy kind duidelik uitgewerk. Nie alleen staan die bevel tot gehoorsaamheid aan die wet sterk op die voorgrond nie, maar die wyse waarop alles moet geskied, word in besonderhede aangedui.

Die ouers en kinders mag hulle nie losmaak van hulle verantwoordelikheid nie. Onderrig aan kinders is 'n Israelitiese leefwyse onder die Ou en die Nuwe Verbond. Die toekoms van Israel en sy vestiging en vooruitgang in die land van belofte, word ten nouste verbind en selfs afhanklik gestel van sy getroue nakoming van die onderrig aan die kind. Dit is nie opsioneel nie, dit is verpligtend. Dit is nie hoogs aanbevelengswaardig nie; dit is onverbiddelik.

Hierdie klank van onverbiddelikheid wat ons in Deut 6; 1-9 hoor, is bindend vir Israel op pad na en ook tydens sy vestiging in die beloofde land, maar dit is ook bindend vir ons op pad na die wederkoms in die uitvoering van ons Pinksterplig.

Hier word die voorrang van die huisgesin in die onderrig van die kind bo alle twyfel uitgelig. Dit dra die boodskap dat ons binne die kerk 'n dubbele verantwoordelikheid het. Te wete die toerusting van die ouer vir sy taak en die aanvulling van die onderrig in die kategetiese lokaal. Dit is verkeerd om die ouer buite rekening te laat. Wie God is en wat Hy doen, word reeds met moedersmelk en oggendpap in die huislike verband ingeneem.

Die onderrig aan die kind begin oor wie God is. Dit begin nie by die leerstuk oor die weg tot saligheid nie, maar by die aanbidding van God soos Hy Hom in die Skrif geopenbaar en ons as kinders van die Nuwe Verbond Hom geleer ken het in Christus Jesus. In die aanbieding van die leerstof is die feite nie die belangrikste nie, maar die God wat die geskiedenis gemaak het.[15]

---

[14] *Ibid.*, 1976, p.1(71).

[15] Nota bygevoeg (SLC): Alhoewel die skrywer hier (hoop ek?) nie 'n teenstelling maak nie, wil ek tog waarsku teen 'n onnodige stelling, naamlik dat 'feite nie so belangrik is nie.' Die feite opsigself én die geloof in die feite is onslosmaaklik verbind aanmekaar, en daarom kan die een nie ten koste van die ander, 'belangriker' wees as die ander nie, ook nie in die aanbieding daarvan nie. Jy kan nie vir God liefhê, en Sy feite, die Bybel, verag nie. Jy kan nie vir Jesus liefhê, en Sy gebooie nie bewaar nie (Joh.14:15). Dit is dus belangrik wie Jesus Christus is én wat Hy gedoen het, wat ons glo [leringe] én dat ons glo [lewe] is albei belangrik (1 Tim.4:17).

Wie God as Jahwe leer ken, is gehoorsaam aan sy gebooie en wandel na die eis van sy wet. Daarom was die leerstuk aangaande die belydenis van God by ons gereformeerde vaders so belangrik en kry dit in die verskillende belydenisskrifte 'n belangrike plek. Kategeties gesien, is dit van primêre belang dat ons kinders weer sal leer om God as die almagtige Vader in Christus Jesus te leer ken en te aanbid. Wie aan God twyfel ten opsigte van wie Hy is en wat Hy gedoen het, sal baie gou aan die sin van sy eie plek en bestaan begin twyfel. Vir die ware gelowige is daar ook geen onsekerheid oor die verhouding van God se liefde vir ons tot sy eise aan ons nie, naamlik dat ons volgens die norme van sy wet moet leef.

Verder leer hierdie gedeelte ons dat goeie onderrig 'n voortdurende en voortgesette taak is. Dit word nooit voltooi nie. In die kategetiese lokaal neem ons nooit die ouer se verantwoordelikheid oor nie, maar vul ons die onderrig in die huishoudelike verband aan. Die kategese in die kerk is magteloos as dit nie kan voortbou op die kategetiese onderbou van die huislike kring nie. Die taak van "inskerping" is 'n lewenslange taak van die ouer in die kind.

Hierdeur word die eer van God gesoek, die heil van die kind verseël en die doopbelofte nagekom.

Hierdie gedeelte hou ook vir ons 'n waarskuwing in. Ons moet oppas om nie soos Israel die tekens ten koste van die verantwoordelikheid oor te beklemtoon nie. Herinneringstekens aan die hand en op die voorhoof en aan die deurposte kan nooit die betrokkenheid van die ouer by die "inskerping" vervang nie.

Daarom is al die hulpmiddels ondergeskik aan die daadwerklike bemoeiing van die ouer in die huis en die kategeet in die kerk. Die kerk sal hom by sy voortgesette toerusting van die kategeet in die kategetiese lokaal ook moet wend tot die toerusting en besieling van die ouers wat die primêre verantwoordelikheid vir die kind onder sy dak dra. Die te besige en ontroue ouer is in ons tyd die grondoorsaak van die verwildering van die kind, die ondergang van die volk en die magteloosheid van die kerk.

'n Kerk wat sy onderrigtende verantwoordelikhede met erns opneem en tot in die wydste verbande laat uitreik, is in kontinuïteit besig met die opdrag van Deuteronomium 6 en die van die Here Jesus in Mattheus 28.